



22 MEI 2020

Liewe ouers

Uiteindelik het die dag aangebreek waar die skool weer geleidelik kan heropen. Ons is baie dankbaar dat dit kan gebeur.

Ons strewende, met die geleidelike heropening, daarna om soos altyd die beste vir ons skoolgemeenskap en ons kinders te doen. En daarmee in gedagte, gaan ons met die nuwe normaal, die COVID-19 maatreëls en riglyne noukeurig volg sodat die gesondheid van ons onderwysers, leerlinge en ouers sover as moontlik nie in gevaar gestel word nie. Dit impliseer egter 'n nougesette hantering van riglyne en maatreëls om juis daardie doelwit te bereik.

Van die heel belangrikste aspekte van die COVID-19 regulasies is die dra van maskers, sosiale distansiëring (1.5m) ten alle tye, sowel as die sanitasie van hande. Daar sal saniteringsmiddels op die terrein beskikbaar wees, wat deur die skool verskaf word, maar leerders is welkom om hulle eie handsaniteringsmiddels saam te bring.

In die tweede plek wil ons met die akademie, wat ons enigste en hoofokus vir die res van die jaar sal wees, die beste doen wat moontlik is. Ons sien dus uit daarna dat, nie net alleen die matriekleerlinge nie, maar ook elke leerling in al die grade na die beste van sy/haar vermoë sal presteer.

Uit die aard van die saak bestaan die skoolprogram slegs uit akademiese kontaktyd, en sal daar dus geen buitemuurse aktiwiteite plaasvind nie. Ons gaan dus al ons energie aan die optimalisering van ons skoolwerk fokus.

Die matriekleerlinge keer terug op die **1ste Junie 2020** en die aankomstyd vir die leerlinge sal vanaf **07:00 tot 07:30** elke oggend wees. Die skooldag sal dan om **13:30** afgesluit word.

Volgende week sal ons 'n volledige brief rig met die gedetailleerde beplanning rakende die ontvangs, skandering, daaglikse skoolprogram en ander noodsaaklike inligting.

Soos wat ons inligting ontvang rakende die infasering van die ander grade, sal dit aan u deurgegee word. Kyk in die verband na die aangehegte omsendskrywe *Nuusflits 32* van die SAOU waar moontlike datums deurgegee word. Sien ook die aangehegte skrywe vanaf FEDSAS rakende tuisonderrig.

Ons weet dat in hierdie uitdagende tye sal die Here se Genade vir ons genoeg wees.

Vriendelike groete.

A. Swaters (SKOOLHOOF)